Woensdag 7 Oktober
Skrifgedeelte: Romeine 13:8 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Romeine 13:8-14 (AFR33/53)

## Doen wat reg is

Hoe tree ons teenoor mekaar op? Gee ons aan almal wat reg is, wat ons aan hulle verskuldig is? Leef ons soos God beveel of doen ons maar net wat ons goedvind in ons eie oë?

In ons teksgedeelte bou Paulus verder op die beginsel van vers 7, wat op sy beurt 'n praktiese toepassing van 12:1 is waar die gelowiges geroep word om hulle liggame te stel as lewende, heilige en aan God welgevallige offers. Ons mag nie leef soos die wêreld nie, maar soos God beveel.

In ons persoonlike verhoudings teenoor ander mense word die praktiese toepassing dat ons niemand iets moet skuld nie behalwe om mekaar lief te hê, want deur mekaar lief te hê, vervul ons die eise van God se wet. Dit gaan nie daaroor om die wet te onderhou om verlos te word nie, maar om te doen wat God vra uit dankbaarheid vir verlossing.

Wanneer ons na die Tien Gebooie of die Wet van God kyk in Eksodus 20, dan kan dit in twee dele opgedeel word. Die eerste vier gaan oor ons optrede teenoor God, en die laaste ses oor ons optrede teenoor ons naaste. Wanneer die Fariseërs in Matteus 22 Jesus met 'n strikvraag probeer vasvra, vra hulle aan Hom wat die belangrikste gebod is. Hy antwoord: *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

So word die laaste ses gebooie saamgevat in ons liefde teenoor ons naaste, wat vereis dat ons ons naaste liefhet soos onsself, en dat ons uit liefde ons naaste geen kwaad aandoen nie.

Soos die wederkoms van Christus al nader kom, word ons vermaan om te lewe soos gelowiges wat hulle lewens laat lei deur die Heilige Gees. Om die werke van die duisternis te laat staan en te wandel soos wat reg is. Om onsself te beklee met die Here Jesus Christus en nie die begeerlikhede van ons vlees te bevredig nie. So antwoord ons uit dankbaarheid op die genade en liefde en trou wat God aan ons bewys het.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1-2*

*Ds. AP (Peet) van der Westhuizen (Wolmaransstad)*